

## **Sing vooraf staande: Psalm 144:1 (p. 691)**

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;  
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;  
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;  
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 23:1, 3 (p. 107)**

- 1 Net soos 'n herder uittrek met sy skape / en hul laat neerlê in die veld van milde groen,  
met sagte hand hul lei langs stille waters – / so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:  
Hy laaf my siel en lei my swakke skrede / in vaste spoor van sy geregtighede.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

## **Geloofsbelydenis Apostolicum**

*Na die wet sing ons Psalm 16:1 (p. 61)*

**Wet**

## **Psalm 16:1 (p. 61)**

- 1 Bewaar my tog, o God, op wie 'k vertrou! / Ek skuil by U, my toevlug in die lewe.  
Daar is vir my, in wat die oog aanskou, / geen goed bo U, so eind'loos hoog verhewe.  
En wie op aarde U ken en vrees, o HERE, / húl noem ek groot, hul is my roem en ere.

## **Gebed**

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## **Skrifberyming 8-1:2 (14:2)**

- 2 “'k gee my Heil'ge Gees aan julle, / wat die krag verleen en trou  
om te wandel in my weë / en my wet te onderhou.  
En jul sal die land van seën / deur my seën weer verkry  
waar 'k 'n God sal wees vir julle, / jul 'n volk sal wees vir My.”

**Skriflesing: Eségiël 37**

**Teks: Eségiël 37:4**

**Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die Woord van die HERE! (Eségiël 37:4 AFR53)**

'n Volk sit in Babel. Verslae.

- Die Here het hulle heeltemal vernietig oor hulle sondes.
- Hulle hang hulle siters aan die wilgerbome op en wil nie die Here se liedere in die vreemde land sing nie.
- Daar is geen hoop en geen toekoms vir hulle nie!

Saam met hulle is Eségiël, die profeet. Hy is saam met koning Jojagin weggevoer. Daar in Babel openbaar die Here aan Eségiël die belofte dat hierdie volk weer uit die dood opgewek sal word. Hulle is nie net sommer in Babel nie. Hulle is daar omdat hulle gesterf het – geestelik doodgegaan het omdat hulle van God vergeet het.

Die Here was baie geduldig met hulle.

- Oor en oor het die profete kom preek: Bekeer julle!
- En die volk wou nie hoor nie!
- Hulle het al hoe verder teruggeval in ongeloof en ongehoorsaamheid teenoor die Here.
- So het hulle gesterf en is hulle toe na Babel verban as 'n simbool van hulle dood. En as 'n straf tot hulle bekering!

Nou preek die Here vir hulle genade:

- Profeteer oor hierdie dor doodsbene dat hulle die Woord van die HERE moet hoor.
- Die HERE wek lewe uit die dood. Hy sal hierdie vernietigde volk weer herstel.

Dit was die troos van hierdie gesig wat Eségiël gesien het vir die Israeliete in ballingskap. Maar dit was nie al wat hiermee gesê is nie. Dit preek ook die wederopstanding uit die dood en die lewe na die dood. Openbaring 20 kom hier in ons gedagte:

**En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, ... En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was.** (Openbaring 20:12, 13 AFR53)

Die profeet Eségiël se prediking verander hier ingrypend.

- Hy verwyt nie meer nie. Hy lê nie meer die volk se sondes voor hulle deur nie.
- Hy waarsku net in God se Naam.
- Hulle is in die dood, maar daar is hoop op lewe as die Gees van God in hulle waai.

Die hand van die HERE het Eségiël geneem en hom in die laagte gaan neersit.

- Daar staan eintlik *die dal*, dus 'n bepaalde plek wat aan hulle bekend was.
- Eségiël verwys na hierdie selfde plek in hoofstuk 8:4. Hy het al eenkeer hier die heerlijkheid van die God van Israel gesien.
- Dit kan ook dalk die dal wees waarna Eségiël verwys in hoofstuk 39:11 – 'n plek waar daar al veldslae was, en wat vol mensbene en geraamtes lê.

Dis 'n gruwelike gesig wat God Eségiël laat sien – mense wat dood is vir God se koninkryk omdat hulle die Here verlaat het. Eségiël kry veral twee indrukke van hulle:

- Hulle is 'n groot menigte,
- en hulle was baie dor en uitgedroog.
  - Van lewe was hier nie meer sprake nie.
  - Die liggame is al ontbind, die vleis verteer, en die bene lê al wit gebleik deur die wind en die weer.
  - Die HERE neem Eségiël reg rondom die dal, sodat hy al die bene kan sien en hulle ook van alle kante goed kan bekyk! *Alle lewe is, menslik gesien, verby.*

Dan doen die HERE 'n beroep op Eségiël se geloof.

**Mensekind, kan hierdie bene lewendig word?** (Eségiël 37:3a AFR53)

Dis nie 'n gedagte wat by een van ons sal opkom as ons 'n klomp droë bene sien nie.

- Die Here vra ook die vraag op so 'n wyse dat die totale onwaarskynlikheid na vore kom dat hierdie bene weer sal lewe.
- Vir Eségiël seker soveel meer, want hy het dit nog vars in sy gedagtes hoe sy mense se dooie liggame op die slagveld rondgelê het toe hulle weggevoer is.
- En daar waar hulle is, treur hulle oor die geliefdes wat nie meer daar is nie, en oor hulle land wat van hulle af weggeneem is.

Eségiël was diep onder die indruk van die dood en die vernietiging wat deur die dood aangerig word. In die profeet se antwoord kom dit ook uit. Maar hy bely ook dat dit by God moontlik kan wees, al twyfel hy as mens daaraan of die klomp bene weer sal lewe. Daarom antwoord hy:

**Here HERE, U weet dit!** (Eségiël 37:3b AFR53)

By die HERE kan dit moontlik wees, al het Eségiël nog nooit in sy lewe so iets gesien nie! In sy antwoord sit daar iets van 'n begeerte dat hy sal kan glo dat dit moontlik is om uit hierdie getuies van die dood lewe te kan verwek!

Meteens staan Eségiël dan ook voor die verstommende. Die HERE beveel hom om hierdie dooie bene aan te spreek.

**Profeteer oor hierdie bene en sê vir hulle: Dor bene, hoor die Woord van die HERE!** (Eségiël 37:4 AFR53)

Kom ons wees eerlik, sou u in die diepste van u hart geglo het as u beveel was om met dooie bene te praat?

Kyk net na die geweldige wonder wat die HERE hier laat plaasvind.

- In die eerste plek is die bene dood en verdor.
- En in die tweede plek kan hulle nie hoor nie.
- ***Eségiël moet met dooies praat – dor bene! Alle moontlikheid van lewe en gehoorsaamheid is tot niet sodat die herskeppende krag van God juis gesien kan word!***

Waar ons verstand nie eers die lig kan sien nie, daar kan die HERE met die grootste gemak die lewe bewerk! En dis wat hier geleer word.

- Die profeet hoef self niks te doen om die toestand te bewerk nie (Trouens, hy kan ook nie!).
- Hy moet net praat.
- Die oomblik toe hy dit doen, is die stilte van die graf verbreek. Daar is 'n geruis en 'n beroering.
  - Die dooie bene skuif die dal vol.
  - Elke een gaan na die plek toe waar hy pas.
  - Dadelik groei daar senings en vleis – en meteens ook vel daaroor.
  - Die dooie mensebene word dooie mense.
  - ***Maar hulle lewe nie.***

Eségiël staan daar verstom. Die HERE moet nou twee keer vir hom sê om weer te profeteer!

- Die gees moet op God se bevel uit die vier windstreke kom, en oor hierdie dooies blaas sodat hulle lewendig kan word.
- Dit is in vers 6 al gesê dat hulle lewendig sal word, maar die HERE herhaal dit nou weer.

Die HERE stuur nie vir Eségiël om die dinge self te gaan doen nie, want Hy weet dat Eségiël dit nie kan doen nie. Eségiël moet net profeteer.

- Hy moet sy kleingeloof laat staan en gaan sê wat God hom voorsê.
- Hy het nie vooraf sy toespraak voorberei nie!
- En wanneer hy profeteer, dan bewerk God die lewe.
- **Dis wat ons in hierdie gemeente moet doen. Ons moet vir die dorre bene gaan sê God praat met hulle omdat hulle dood is. Dis al.**

Die HERE skenk genade dat hierdie dood met lewe vervang word. Want toe Eségiël weer sien, staan daar 'n ontsaglike groot leër.

- Al die mense wat doodgeslaan is in die oorlog toe die volk weggevoer is, lewe weer. **Hulle is weer gereed om te veg!**
- Maar die mense (leër) is nou anders! Die mense is nou God se kinders – gelowiges. Want dis God se Gees wat in hulle is!

Vers 11 skets vir Eségiël die verband tussen sy volk in ballingskap en hierdie bene.

**Mensekind, hierdie bene is die hele huis van Israel. Kyk hulle sê: Ons bene is verdor, en ons verwagting is verlore; dit is klaar met ons!** (Eségiël 37:11 AFR53)

Die toekoms kom weer in vers 12 na vore. Daar beveel die HERE Eségiël om te profeteer dat die Here eendag die grafte sal oopmaak en die mense uit die grafte laat opkom.

- Dan noem die HERE die opgestanes: My volk!
- En die HERE bring hulle in die land van Israel. Dis die land van beloftes – die nuwe aarde.

In die opdrag tot evangelisasie en die kragtige werking van God hierin, is daar ook iets van ons eie opstanding die laaste dag.

- Soos wat die dooies tot die lewende geloof gelei word, sal ons uit die dood opgewek word tot die ewige lewe.
- Die ooreenkoms is dat in albei gevalle die krag en genade van God af uitgaan om die lewe te bewerk.
- Die ooreenkoms in albei gevalle is dat die lewe saamgaan met die werking van God se Gees (Eségiël 37:14):

**En Ek sal My Gees in julle gee dat julle lewendig kan word.** (AFR53)

Laat ons dan luister na die stem van God wat ons beveel om die evangelie uit te dra. Laat ons profeteer: Dor bene, hoor die Woord van die HERE!

- Ons moet nie dink ons sal lewe bewerk nie! Die Here gee die lewe.
- Laat ons ook uit die verslaentheid loskom wat soms op ons toesak as ons twyfel of ons eendag die hiernamaals in God se koninkryk sal beleef.
- U kan geloofstwyfel met die heel grootste gemak oorkom omdat die HERE hier belooft dat Hy die lewe skenk.
- Hy sal ons uit die grafte laat opstaan. Hy sal ons na sy koninkryk toe neem.

God se werk is nie soos ons s'n aan mislukkings onderwerp nie. Hoor die Woord!  
Profeteer die Woord! En lewe as die Gees van God deur u waai.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 36:2 (p. 179)

2 Toe ek voor U al worst'lende verstom het, / geen boetgebed my uit die hart gekom het,  
het my gebeent', verskrik deur my geklag, / verswak en uitgeteer die ganse dag.  
U hand het swaar gedruk op al my lede: / bedags geen rus, en snags geen stem van vrede;  
my krag het weggedroog van uur tot uur / soos velde deur die somersonnevuur.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 10 Maart 2013